

Boekbespreking / Book Review

Goosen, D. 2007

Die Nihilisme: notas oor ons tyd.

Dainfern: Praag.

Danie Goosen kon sy boek ook “Dramatologie en Nihilisme” genoem het want dit handel nie net oor die nihilisme nie. Hy verduidelik in dié lywige boek van vierhonderd agt-en-veertig bladsye ook sy eie ontologie wat hy “die dramatologie” noem, en van waaruit hy die nihilisme van die gangbare (post) modernisme (lg. is Goosen se kombinasie term vir die modernisme en die verlengde daarvan nl. die sg. postmodernisme) beoordeel.

Goosen gee ’n normatiewe betekenis aan die “klassieke tradisie” en veral die skolastiese filosofie van die hoë Middeleeue maar hy verseker ons dat sy bedoeling nie is om na die verlede terug te keer nie maar om met sy dramatologie ’n “ander moderniteit” op te soek; ’n moderniteit wat sigself “oopstel vir ’n post-nihilistiese toekoms”.

Soos alle goeie filosofieë word Goosen se dramatologie gekenmerk deur ’n bewuste grondmotief. Goosen se grondmotief sien die werklikheid as ’n tweehed van die transendente / syn en die immanente / syndes wat in ’n deelnemende verhouding met mekaar behoort te verkeer. Hierdie twee-eenheid veronderstel wel dat die immanente van die transendente verskil en as hierdie verskil in ’n monisme opgehef word, kan die eie waarde van die syndes nie na vore tree nie. Die tweehed kan egter ook in ’n dualistiese impotensie vasval. Daarom bepleit Goosen ’n “analoë verhouding” tussen die immanente en die transendente. Die presiese betekenis van hierdie verhouding bly vaag, maar dit wil voorkom of dit onder andere ’n partisipasie leer veronderstel waarvolgens die transendente vergelyk kan word met die lig en hitte van die son wat van die aarde (die immanente) te onderskei is maar in sy deelname aan die aarde ’n warmte en lig daaraan verskaf.

Die drama is uiteraard ’n sentrale metafoor in die boek. Die wêreld as drama speel af op ’n verhoog, ’n “dramatiese tussen-ruimte” waarin die immanente en transendente as akteurs in ’n “dramaturgiese verhouding” verskyn. Hierdie verhoog is die “wêreld” wat nie souseer as ’n lokaliteit nie, maar as ’n “mede-verskynende gebeure” verstaan moet word. Ten einde die verhouding tussen immanente en transendente as ’n drama te tipeer, moet die onderskeid met ’n spanning gepaard gaan. Hiervan is die voorstelling van die Christendom naamlik dat die wêreld as ’n “verlossingsdrama” ervaar word tussen die syn (God) en die syndes (skepping), ’n goeie voorbeeld. In die proses word die sondeval die spanning en die verlossing die oplossende eenheid wat Goosen tipeer as ’n uitgaan vanuit maar ook ’n terugkeer na God.

Goosen stel ook die verhouding tussen die transendente en die immanente voor as ’n “erotiese” verhouding; die transendente wil die immanente verlei tot deelname. Laasgenoemde is al ’n aanduiding van die insiatief in die deelnemende verhouding en die gevolglike hiërargiese aard daarvan met ’n sekere voorkeur aan die transendente en die eenheid bo die immanente en die veelheid. Meer nog, die hele werklikheid word getipeer deur ongelyke binêre verhoudings wat “in stygende trappe” opklim na die “hiper-glorieryke transendente”. Die ganse twee-eenheid word met ander woorde deur ’n “asimetrisse wederkerigheid” gekenmerk.

Vir Goosen speel die term “bemiddeling” in die werklikheid as drama ’n deurslaggewende rol om die ideaal van verbinding waar te maak. Die wêreld kan nie gebeur buite-om die beliggaming daarvan in historiese praktyke, talige gebeure, rituele soos kerklike liturgieë, liggaamlikheid, die estetiese en tegniese nie. Laasgenoemde kan almal gesien word as deel van die “tussen-wêreld van bemiddeling”. Maar dit is veral die “wêreld as dramatiese dialoog” wat die bemiddelaar tussen die self en die andere, tussen die immanente en die transendente moet wees.

In die lig van hierdie ontologie beskryf en beoordeel Goosen die nihilisme van die (post) modernisme. Dit is naamlik die moderne afwesigheid van die deelnemende verhouding tussen die transendente en die immanente wat ingetree het sedert die nominalisme van die laat-Middeleeue as gevolg van laasgenoemde se klem op 'n vry-willende (en uiteindelik arbitrêre) God en 'n universalialose (en dus relativistiese) immanente. Die modernisme wat hierop gevolg het, neig daarna om die transendente en die immanente in 'n dualisme uitmekaar te haal terwyl die postmodernisme neig om die twee-eenheid tot 'n immanente monisme te reduceer. As gevolg van hierdie verwickelinge is al wat oorbly van die transendente die “eksistensiële verlatenheid”, die “onpeilbare stilte”, die “afgrondelike leegte” van die “niks (nihil)”. Laasgenoemde laat die moderne mens met 'n ervaring van “angs, trauma en katastrofe” waarteen hy homself voortdurend mobiliseer. Hierdie mobiliserende reaksie manifesteer in óf die moderne wetenskap se behandeling van die uiterlike wêreld as 'n gevegsterrein óf die moderne teologie se vlug na 'n innerlike wêreld. In beide reaksies word op gnostiese wyse die “deelnemende verhouding met die werklikheid” prysgegee.

Goosen se tipering en verklaring van ons tyd is radikaal en sal met instemming aangehoor word deur diegene wat die sekularisme met afgryse aanskou. So-ook sal diegene wat die uitbuiting en verskraling van die globalistiese kapitalisme betreur, 'n transendentale artikulasie kry vir dit wat pla.

Soos deur andere al gesuggereer, is die boek 'n definitiewe baken in die skryf van filosofie in Afrikaans en verdien dit 'n deeglike debat.

Dit kan voorsien word dat rasegte (post)moderniste vrae sal vra oor die negatiewe prentjie wat van die (post)modernisme geteken word. Diegene wat, soos Goosen, hulself verset teen die sekularisme maar tegelyk ook nie kans sien vir die skolastiek met sy pagaan-Griekse bagasie nie, sal waarskynlik vrae vra oor sy dramatologie. Die meganismes en konsepte wat die dramatologie gebruik om die verbindende interaksie tussen die immanente en die transendente te bewerkstellig, is byvoorbeeld nie sonder kontroversie nie. Dra die konsepte “deelname” en “analogie” nie dalk te swaar aan die klassieke bagasie van die partisipasieleer om wel die onderskeid tussen transendente en immanente te handhaaf nie? Is die wins van 'n pan-hiërgiese orde in die vorming van 'n nie-dualistiese en nie-monistiese werklikheid die moeite werd as ook dit sou lei tot 'n onvoldoende onderskeid tussen die transendente en die immanente. Meer nog, loop Goosen met 'n hiërgiese ontologie nie die gevaar om die deur oop te maak vir ongelykhede en verdrukkinge waarmee die moderne denke wel klaargespeel het nie? Loop die omvattende klem op die idee van “bemiddeling” nie die gevaar om allerlei “verlossers met kleivoete” aan ons op te dring nie? Is die onderskeid tussen immanente (syndes) en transendente (syn) genuanseerd genoeg, of is ons werklikheid in sy fundamente nie dalk betekenisvol meer divers as net hierdie twee breë pole nie? Is dit hoegenaamd 'n goeie idee om die invalshoek van ons kyk na die wêreld met die terme transendente en immanente te tipeer – is die kiem van 'n dualisme nie reeds ingebou in so 'n grondmotief nie?

Ten opsigte van Goosen se styl kan opgemerk word dat die boek geen los notas oor ons tyd is nie, maar dat dit 'n ontvouende karakter vertoon; die volle verhaal word aan die begin van die boek gesuggereer en dan in die daaropvolgende hoofstukke element vir element uitgepak. Vir filosofie-ingeleides behoort die boek nie te moeilik te lees nie. Dieselfde geld nie noodwendig vir oningewydes nie, alhoewel ook laasgenoemdes kan baat by 'n kennismaking met die klassieke en Nietzscheaanse tradisies, akteurs wat die hoofrolle in Goosen se drama speel. Sommiges mag die taalstyl in die boek as pretensieus ervaar, maar dit het waarskynlik 'n bemiddelende funksie naamlik om die bewustheid van en kontak met die transendente te versterk. In die geheel gesien behoort die boek, wat opsigself die vorm van 'n intellektuele drama aanneem, vir die filosofiese fynproewer van die kontinentale tradisie in die filosofie 'n opwindende leeservaring te wees.